

Vrydag 15 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 27:3-10

Fokusgedeelte: Matteus 27:5

Waarheen gaan jy met jou sonde?

As die verkeersbeampte ons aftrek omdat ons te vinnig gery het, is ons gewoonlik baie spyt. Dis nie ware berou nie, dis net spyt dat ons uitgevang is. Spyt en opregte, ware berou is nie dieselfde ding nie.

Judas het spyt. Hy besef wat hy gedoen het, is nie reg nie. Hy voel skuldig. Die uitdaging is: skuldgevoel beteken nog niks. Dit beteken nie daar is ware berou oor sonde nie. Ongelowiges ervaar ook skuldgevoel. Die hartseer is sy optrede hierná.

Judas se skuldgevoel of spyt lei hom nie terug na Jesus toe nie. Inteendeel, dit lei hom na die dood toe. Dit lei hom nie na ware berou nie. Hy wil die bloedgeld nou net weg van hom af gooi. Dis wat die sonde doen. Dit laat ons skuldig voel. Die geld wat hy ontvang het, het so goed gelyk en so geblink in sy sak. Hy het al gesien hoe hy daardie geld spandeer. En nou? Nou is dit niks meer as geld wat met bloed bevlek is nie.

Die priesterhoofde se reaksie is ook skokkend. Hulle beskuldig Judas. Hulle is egter glad nie onskuldig nie. Hulle was die meesterbrein agter die hele komplot. Hulle is die harteloses wat nie eers skuldig voel nie. Hulle is net te dankbaar dat hulle van Jesus ontslae is.

Wat maak jy met jou skuldgevoel en jou sonde? Steek jy dit weg en hoop niemand vind daarvan uit nie? Bring jy dit na die Here toe en bely dit voor Hom as sonde en vra Hom om jou daarvan te verlos? Is jy dalk al so gewoond aan jou sonde dat jy nie eers meer skuldig voel daarvoor nie, al wys mense jou daarop? Waarheen gaan jy met jou sonde? Wat maak jy met jou sonde?

Sing: Psalm 19-1:1, 6, 7

Ds. IH Scholtz (Zak) (Bloempark)